

Moenie die Mommy and Me-ekspe in Junie misloop nie

Die Mommy and Me-ekspe vind vanjaar van Vrydag 1 tot Sondag 3 Junie by die luukse Venue D’Aria in Durbanville plaas.

Besoekers van 0 tot 70 jaar oud is welkom – ouers, grootouers, peetouers, babas, kleuters, peuters en jong kinders!

By die ekspe kan jy uitsien na *Die Burger* se aktiwiteitsentrum met 12 uitstallers, ’n verdere 60 topgehalte-uitstallers wat ook demonstrasies sal aanbied, ’n speelgedeelte deur BiemBie Toys, vermaak vir die kinders, heerlike kos en wyn, Win-4-your-family-ge-lukstrekings, kompetisies, insiggewende praatjies en veel meer.

Daar is ook ’n spesiale hoes vir babavoeding en omruil van doeke.

Vermaak vir die kinders sluit in Die Bop Boppers, Regard Laubscher van Master Magic, Nedine Blom se “Supercool vir Jesus”, Bennie Boekwurm en Haas Das, kitskare, ’n fotohoekie, gesigverf, sandkuns en meer.

Die Mommy and Me-ekspe bied ’n verskeidenheid produkte en dienste aan, van gesonde advies en wenke oor voeding, oulike produkte en prettige dienste tot opvoedkundige en leeraktiwiteite. Ander sluit in klere en sko-



Bennie Boekwurm en Haas Das is van die vermaak wat by die ekspe gaan wees.

ne, kinderkamer-dekor en -meubels, speelgoed en nuttige toerusting.

Verder sal daar ook finansiële en sekuriteitsopsies, KPR-opleiding en veiligheidsprogramme, dagsorg, programme en meer beskikbaar wees wat fokus op al die fases van moederskap, die baba, kleuters en jong kinders.

Toegang kos R70 vir volwassenes en R50 vir kinders, wat toegang tot *Die Burger* se aktiwiteitsentrum, die speelgedeelte en vermaak insluit.

Toegang vir kinders onder een is gratis.

Slegs ’n beperkte aantal kaartjies is beskikbaar vir elke dag, so maak seker jy koop joune vandag!

Kaartjies kan aanlyn by Webtickets gekoop word.

Die ekspe is daaglikse oop van 09:00 tot 16:00. Parkering vir die hele dag is gratis.

Vir meer inligting, skakel Desiree Liebenberg by 084 596 1753 of 021 910 2779 of stuur e-pos na desiree@donatoevents.co.za. Besoek ook www.facebook.com/Mommy-AndMeExhibition.

Die Burger-Kersfonds gaan ’n witolifantafel by die ekspe beman waar gebruikte speelgoed wat nog in ’n goeie toestand is, vir ’n appel en ’n ei van die hand gesit sal word ten bate van die fonds. Die speelgoed wat oorbly, sal geskenk word aan ’n liefdadighedsorganisasie vir kinders. Lesers is welkom om tweedehandse speelgoed by te dra vir hierdie inisiatief. Bring dit na *Die Burger* se kantoor op die 4de vloer van die Bloemhof-gebou in Edwardstraat, Bellville.

Vir meer inligting bel gerus vir Madelein Venter by 021 910 6544 of stuur e-pos na madelein.venter@media24.com.